Parkieland
H/V Anderson - en
Thomas Edisonstraat
Menlopark 0081
Tel: 012 460 1976
Faks: 012 460 1976
parkieland@menlolaer.co.za
www.parkieland.co.za

22 Februarie 2012
Nuusbrief No 5

Liewe Ouer
Baie dankie vir die ouers wat baba-benodigdhede kantoor toe gestuur het. U bring groot verligting vir hierdie gesin.

Personeel:
Baie geluk aan Juffrou Minelize Duvenage, wat Saterdag 25 Februarie verjaar. 'n Geseënde jaar word haar toegebid.

Ouerkomiteelede:

- Die Ouerkomitee het verlede week vergader en die verskillende portefeuljes is soos volg verkies:

Voorsitter:	Heidi Koegelenberg
Ondervoorsitter:	Natalie Becker
Sekretaresse:	Karen Seyfried
Bemarkers:	Estey Edwards en Lizette Weilbach

- Baie geluk aan hierdie lede met hulle onderskeie verkiesings.

Ad-hoc kleuters:

- Indien u 'n reëling tref dat u kleuter Ad-hoc by die Naskool moet bly, moet u asseblief **self** 'n middagete vir u kleuter inpak, of voor skool by die snoepie iets gaan koop.
- Die snoepie is al van 7:00 soggens oop.
- Onthou asseblief dat alle halfdag kleuters reeds teen **13:30** afgehaal moet wees.

Eerstedag foto's:

- By elke klasdeur is daar 'n groepfoto opgesit.
- U is welkom om so 'n groepfoto te bestel van u kleuter se klasmaats.
- n A4 grootte foto kan bestel word teen **R40**.
- Bestellings word heeltemal vrywillig geplaas. Later in die jaar sal daar individuele foto's van u kleuter geneem word.
- Bestellings en betalings word by die klasonderwyseres gedoen.
- Bestellings moet asseblief afgehandel wees teen **Vrydag 2 Maart 2012. Plaas asseblief die korrekte bedrag in 'n gemerkte koevertjie.**

Pretloop-Donderdag 1 Maart 2012:

- Die groot aand kom nader en ons kleuters raak nou opgewonde.
- **Die borgvorms moet asseblief Maandag 27 Februarie 2012 terug wees by Parkieland.**
- **Hier volg die reëlings vir die aand:**

TYD: **AANKOMS 17:45. ONS BEGIN 18:15**
Kom asseblief 'n bietjie vroeër sodat u parkering kan kry, kan nesskop by u klas se punt en dat u kleuter betyds is vir al die opwinding.

PLEKKE INNEEM: U word vriendelik versoek om vir die eerste 10 minute op die pawiljoen te sit vir die kleuters se krete. **Sodra die kleuters begin stap,** kan u rondom die atletiekbaan by u kleuter se banier gaan sit.

PROGRAM:

1) **Verwelkoming - Riekie van Eeden**
2) **Skriflesing**
3) **Bekendstelling Ouerkomitee**
4) **Krete – al die groepe**
5) **Stappery begin** (elke kleuter wat vir 'n volle uur stap, kry 'n medalje)
6) **Medaljes word aan alle deelnemers oorhandig** (sertifikate word volgende Woensdag uitgestuur)
7) **Piekniek:**
   - U kan u eie piekniekmandjie pak en saambring.
   - Die snoepie het egter ingestem om kos te voorsien vir die van u wat 'n behoefte het aan klaar voorbereide kos.
   - Vul op die skeurstrokie u bestelling in en handig dit in 'n **gemerkte koevert tesame met die regte bedrag** by die klasonderwyseres in.
   - Ons gaan die skeurstrokie en die geld net so aan die snoepie oorhandig.
   - **Alle skeurstrokies en betalings moet teen Maandag 27 Februarie ingehandig wees. <u>Geen laat bestellings kan geneem word nie</u>, en u sal dan u eie kos moet voorsien.**
   - Die snoepie gaan wel die hele aand beskikbaar wees, maar u sal verstaan dat dit die beplanning makliker maak indien u vooraf bestel.

BENODIGDHEDE:

- 'n Opgewonde **kaalvoet** kleuter met 'n **Parkieland T-hemp** en 'n warm trui, vir na die stap.
- 'n Piekniekmandjie met eet- en drinkgoed, opvoustoele, komberse of kussings om op te sit.

- Moedig u kleuter aan om die volle uur te stap, so leer hulle van **deursettingsvermoë** en vasbyt tot aan die einde.
- **Peuters** spring van hulle Parkieland broers en susters se punte af weg, en **Laerskoolkinders** spring van die aankondigers-tafel af weg, en stop vir 'n spogkol of ysie by hulle kleuterboetie of –sussie se juffrou.
- Ons sluit vir u 'n **tekening** van die baan in, sodat u u piekniekmandjie by u kleuter se klaspunt kan neersit voordat u op die pawiljoen gaan plek inneem.
- Kyk ook uit vir elke klas se **banier,** die ouers gaan in klasverband saam sit en kuier.
- Indien dit **reën** sal ons u in kennis stel van 'n nuwe datum. (Hou maar duim vas vir 'n lekker aand.)

Gedagte vir die week:
"Elke woord en daad van ouers is 'n stukkie wol, ingeweef in die karakter van 'n kind…….. maak 'n mooi weefstuk van jou kind deur wat jy sê en doen voor hom of vir hom."

Parkielandgroete

RIEKIE VAN EEDEN & PERSONEEL

----------skeurbriefie ----------

NUUSBRIEF NO 5

EK, OUER/VOOG _____ VAN _____
(Kleuter se naam)

KLAS _____ ERKEN HIERMEE ONTVANGS VAN DIE NUUSBRIEF.

HANDTEKENING _____

ONTHOU WOORDJIE VIR DIE GR R IS _____

---------- skeurbriefie ----------

SNOEPIE BESTELLING – PRETLOOP 2012

EK, OUER/VOOG _____ VAN _____
(kleuter se naam)

KLAS _____

STEL BELANG _____

STEL NIE BELANG NIE _____

• HAMBURGER	R17 elk	HOEVEELHEID	_____
• VETKOEK & MAALVLEIS	R13 elk	HOEVEELHEID	_____
• KERRIE & RYS	R17 elk	HOEVEELHEID	_____
• HOENDER "NUGGETS" & SKYFIES	R17 elk	HOEVEELHEID	_____
• SKYFIES (SLAPTJIPS)	R10 elk	HOEVEELHEID	_____
• BILTONGSLAAI	R18 elk	HOEVEELHEID	_____
• HOENDERSLAAI	R18 elk	HOEVEELHEID	_____
• HERDERSPASTEI	R15 elk	HOEVEELHEID	_____
• RYS & HOENDERBREDIE (NIE KERRIE)	R15 elk	HOEVEELHEID	_____

TOTAAL: R_____

WARM- EN KOUEDRINKGOED SAL BESKIKBAAR WEES.